M E D I A V R Y S T E L L I N G

Datum: Woensdag, 18 Maart 2009

Embargo: Geen – vir onmiddellike gebruik

Begin

'n Nuwe leierskapetos is nodig, sê skrywer by USB se *Ons lees vir jou*-boekforum

Leierskap is nie vir ewig nie, maar tydelik. Dit noodsaak 'n nuwe leierskapetos waar leiers gewillig terug staan wanneer ondernemings 'n ander soort leier vir die volgende groeifase nodig het.

Só sê dr Marc van der Erve, skrywer van *A new leadership ethos.* Hy het die boek op Vrydag, 13 Maart 2009 by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) en USB Bestuursontwikkeling Bpk (USB-BO) se *Ons lees vir jou*-boekforum bespreek. Die doel van hierdie boekforum, wat in samewerking met Kalahari.net aangebied word, is om die jongste sakeverwante boeke namens besige bestuurslui te lees en te ontleed.

Van der Erve woon sommige tye van die jaar in Suid-Afrika en sommige tye in Europa. Hy is 'n direkteur van sy eie maatskappy, Erve Research, en hy was 'n Europese vennoot van KMPG Management Consultants waar hy vir 'n aantal jaar (organisatoriese) evolusiebestuursagteware vir hul wêreldwye onderneming ontwikkel het.

Volgens Van der Erve gaan organisasies deur verskeie stadiums soos toenemende groei, stabiele groei, afnemende groei en onseker groei. "Elkeen van hierdie groeistadiums vereis 'n persoon met 'n ander leierskapstyl wat die organisasie na die volgende vlak kan neem."

Hy noem hierdie verskillende leiers bouers, groeiers, konfronteerders en transformeerders. "Dit bepaal dat leierskap nie vir ewig is nie, maar eerder tydelik. Dit is ook 'n goeie rede waarom leiers nie vir te lank in topposisies moet bly nie."

Hy sê die "kern van leierskap" gaan oor die ontwikkeling van "gelyktydigheid". Hierdie gelyktydigheid word behaal wanneer al die mense, stelsels en prosesse in 'n organisasie met die leier saamwerk om die gekombineerde pogings optimaal tot voordeel van die maatskappy aan te wend.

Die konsep van *Ons lees vir jou* is deur USB en USB Bestuursontwikkeling bekend gestel om waarde tot sakeleiers toe te voeg.

Ons lees vir jou-sessies word gereeld by die USB in Bellville en in Johannesburg aangebied. Die volgende *Ons lees vir jou* vind om 06:30 op Vrydagoggend 20 Maart 2009 by Forum in Bryanston, Johannesburg, plaas waar dr Marc van der Erve hierdie boek sal bespreek. Vir meer inligting kontak Kaashiefa Johnson by 021 918 4159 of kaashiefa.johnson@usb-ed.com.

Einde

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae: Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za